- (g) kommersiële filmprojekte vir opvoedkundige, artistieke of vermaaklikheidsdoeleindes, wat van sodanige aard is, dat dit ’n impak het op voertuig- en voetgangerverkeer, of skares mag lok; en
- (h) enige soortgelyke geleentheid.

“geleenthere beleid”, beteken die geleenthere beleid van Theewaterskloof Munisipaliteit

“geleentherekoördineerder”, beteken `n persoon aangewys deur die Munisipale Bestuurder wat die aansoek en goedkeurings/afwysings proses vir die hou van geleenthere sal fasiliteer en koördineer

“geleenthereorganiseerder”, `n persoon wat `n aansoek om `n geleenthere aan te bied ingedien het, en wat verantwoordelikheid neem vir `n geleenthere ingevolge hierdie verordening, hetsy in `n persoonlike of professionele hoedanigheid of namens `n ander persoon, instelling of organisasie.

“gemagtigde beampte”, enige vredesbeampte gemagtig ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No 51 van 1977), soos gewysig of enige beampte van die Munisipaliteit van Theewaterskloof wat deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof gemagtig is om die bepalings van hierdie verordening af te dwing;

“Hof”, `n Landdroshof soos verwys na in artikel 166(d) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, met jurisdiksie in die gebied waarbinne die geleenthere plaasvind;

“klankpeil”, die ekwivalente deurlopende aanslagepeil soos omskryf in SANS 10103, met inagneming van impuls, toon en regstelling snags;

“Munisipaliteit”, die Munisipaliteit van Theewaterskloof, wat insluit enige verwysing na behoorlike gemagtigde en / of aangestelde beamptes en / of diensverskaffers in terme van diensleweringooreenkomste van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

“Munisipale Stelselwet”, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig;

“openbare pad”, wat insluit enige munisipale straat of steeg of padreserwe, of enige openbare pad, soos bedoel in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No 93 van 1996), soos gewysig;

“openbare plek”, enige perseel of eiendom of grond waartoe die publiek toegang het, wat insluit, maar nie beperk is tot: enige plein; gebou; park; ontspanningsgebied; sportgronde; oop ruimte; reservaat; dam; munisipale straat of steeg of straatreserwe; openbare pad; parkeerarea; munisipale meent; ongebruikte, gebruikte, beboude of onbeboude munisipale grond; of `n begraafplaas, waaroor die Munisipaliteit van Theewaterskloof jurisdiksie het;

“permit”, `n permit vir die hou van `n geleenthere, deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof uitgereik;

“persoon”, sluit vir doeleindes van hierdie verordening, `n natuurlike persoon, `n regs persoon, enige onderneming, `n vereniging of organisasie of `n instelling van die staat in;

“plek van samekoms”, enige oop ruimte wat, ingeslote of semi-ingeslote of omhein is, of `n tydelike of permanente struktuur of fasiliteit, ongeag die eienaarskap daarvan, waartoe lede van die publiek toegang het, en as `n plek van samekoms gebruik kan word;

(a) waarbinne `n tydelike of permanente struktuur opgerig mag word, waar die geleenthere gehou word

- (b) wat vir die doel van enige katogorisering, aanwysing of klasifikasie van die geleentheid uit die volgende bestaan- (i) sitplek vir toeskouers, deelnemers of `n gehoor; of (ii) `n veld of speelveld of `n permanente of tydelike podium of ander area binne `n plek van samekoms, gereserveer vir die doel om `n geleentheid te hou

“**privaat eiendom**”, sluit in enige grond, gebou of perseel, en is—

- (a) onroerende eiendom geregistreer in die naam van `n persoon, insluitend in die geval van `n deeltitelskema `n deeltiteleenheid wat in die naam van `n persoon geregistreer is;
- (b) `n reg geregistreer teen onroerende eiendom in die naam van `n persoon, met uitsluiting van `n verbandkening wat teen die eiendom geregistreer is; of
- (c) `n grondbesitreg geregistreer in die naam van `n persoon ingevolge wetgewing.

“**SANS-kode**”, `n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard, soos voorsien in die Wet op Standaarde, 2008 (Wet No. 8 van 2008), soos gewysig, en die gebruik van die afkorting “SANS”, gevolg deur `n series van nommers, verwys na `n spesifieke SANS-kode van praktyke, spesifikasies of standaarde, wat onder die spesifieke nommer gepubliseer is;

“**SANS 10103**”, die jongste uitgawe van Standaarde Suid-Afrika-publikasie No. 101301, getitel “The measurement and rating of environmental noise with respect to annoyance and to speech communication”, of enige hersiening of vervanging daarvan;

“**SANS 10328**”, die jongste uitgawe van Standaarde Suid-Afrika-publikasie No. 10328, getitel “Methods for environmental noise impact assessments”, of enige hersiening of vervanging daarvan; en

“**Wes-Kaapse Geraasbeheerregulasies**”, die Wes-Kaapse Geraasbeheerregulasies, afgekondig in terme van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No 73 of 1989), soos gewysig, per PK 200/2013 van 20 Junie 2013.

2. TOEPASSING VAN VERORDENING

- (1) Hierdie verordening is van toepassing op alle geleenthede wat in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit gehou word, insluitende geleenthede gehou op beide privaat en publieke plekke, op voorwaarde dat waar geleenthede op privaat grond gehou word, onderworpe aan ander wetgewing, dit `n impak op die hulpbronne van die gemeenskap en omliggende gemeenskap het.
- (2) Hierdie verordening is nie van toepassing op:
- (a) Geleenthede minder as 30 persone, waar daar geen versterkte klank of tydelike strukture gebruik word nie
- (b) Klein geleenthede soos familie of gemeenskaps geleenthede gehou op privaat eiendom of doelgeboude fasiliteite, onderworpe aan ander wetgewing
- (c) Enige ander geleentheid uitgesluit of vrygestel van hierdie verordening

- (3) Indien daar enige teenstrydighede tussen hierdie verordening en enige ander verordening van die Munisipaliteit met verwysing tot die bestuur en hou van geleentheid is, sal hierdie verordening voorrang geniet.

HOOFSTUK 2 PERMIT AANSOEKPROSES, VEREISTES EN TOEPASSING

3. PERMITTE VEREIS

Geen persoon mag enige geleentheid hou, onderhewig aan die bepalings van artikel 12 van hierdie verordening, alvorens sodanige persoon 'n geskrewe aansoek vir die hou van 'n geleentheid by die Munisipaliteit ingedien het, en 'n permit deur die Munisipaliteit vir die betrokke geleentheid uitgereik is nie.

4. AANSOEK OM 'n GELEENTHEID TE HOU

- (1) 'n Geleenthedsorganiseerder moet by die Munisipaliteit aansoek doen vir 'n permit om 'n geleentheid te hou—
- (a) minstens dertig (30) kalenderdae voor die geleentheid plaasvind afhangende van die grootte en tipe geleentheid (verwys na die geleentheid beleid), of;
 - (b) in gevalle waar addisionele of spesiale munisipale dienste benodig word, of strate of fasiliteite tydelik gesluit moet word deur die Munisipaliteit, of spesiale maatreëls deur die Munisipaliteit getref moet word, ingevolge sodanige tydsraamwerk soos deur die Munisipaliteit bepaal.
- (2) Indiening van aansoeke vir die goedkeuring om 'n geleentheid te hou moet deur 'n formele aansoek gedoen word, wat deur die geleenthedsorganiseerder voorberei word en by die munisipaliteit ingedien word:
- (a) Deur 'n persoon wat tenminste 18 jaar of ouer is
 - (b) Op die voorgeskrewe vorm
 - (c) Deur of namens die persoon met die nodige middel en hulpbronne
 - (d) Binne die voorgeskrewe tydraamwerke soos uiteengesit in die Geleentheid beleid
- (3) Die aansoek waarna verwys in subartikel 4(1) van hierdie verordening, moet vergesel wees van die toepaslike aansoekfooi, die vereiste deposito, enige ander betalings vir dienste wat gelewer moet word, en moet dit die volgende inligting insluit—
- (a) die naam van die individu wat as geleenthedsorganiseerder verantwoordelikheid neem;
 - (b) die voorgestelde plek van samekoms;
 - (c) die aard van die geleentheid en / of die aktiwiteite wat sal plaasvind by die geleentheid;

- (d) die voorgestelde datum en tyd vir die geleentheid;
 - (e) 'n afskrif van die huurooreenkoms met die eienaar of die verantwoordelike persoon vir die plek van samekoms, indien die applikant nie die eienaar of verantwoordelike persoon is nie;
 - (f) die maksimum aantal persone, ingesluit personeel, wat toegelaat sal word by die geleentheid;
 - (g) die voorgestelde sekuriteitsreëlings vir die geleentheid, insluitend die aantal sekuriteits personeel wat ontplooi word en hulle kwalifikasies;
 - (h) die voorgestelde reëlings vir mediese nooddienste en veiligheidsbeplanning vir die geleentheid, insluitend die aantal personeel wat ontplooi gaan word vir die geleentheid en hulle kwalifikasies;
 - (i) die voorgestelde parkeer- en verkeersreëlings;
 - (j) 'n bewys van die toepaslike aanspreeklikheidsdekking vir die geleentheid uitgeneem, soos deur die Munisipaliteit vereis;
 - (k) die kommentare van geaffekteerde bure en persone, soos deur die Munisipaliteit genomineer en uitgewys;
 - (l) die resultaat van 'n geraasimpak-assessering in terme van SANS 19328, soos voorsien in terme van die Wes-Kaapse Geraasbeheerregulasies, soos toepaslik en wanneer vereis deur die Munisipaliteit om oorweging aan 'n aansoek vir 'n hoër toelaatbare geraasvlak vir 'n byeenkoms, te verleen; en
 - (m) aansoek om 'n geraas vrystelling in terme van artikel 12 van die Wes Kaapse Geraasbeheer regulasies, waar van toepassing; en
 - (n) enige ander inligting soos deur die Munisipaliteit vereis.
- (4) Alvorens 'n permit vir 'n geleentheid oorweeg en uitgereik kan word, moet die geleentheidsorganiseerder tot die bevrediging van die Munisipaliteit, indien 'n beplande geleentheid die algemene publiek of die deelnemers aan die geleentheid op risiko kan plaas, bewys aan die Munisipaliteit verskaf van toepaslike risikoversekering en 'n allesomvattende publieke aanspreeklikheidsdekking, soos uitgeneem vir die geleentheid deur die geleentheidsorganiseerder, wat die Munisipaliteit spesifiek as begunstigde vir die versekering aanwys, en die Munisipaliteit en alle werknemers van die Munisipaliteit, skadeloos stel vir enige eise wat mag voorspruit uit die geleentheid.
- (5) In die geval van enige versuim om die vereiste inligting te verskaf of die fooie, deposito's en kostes soos verwys na in subartikels 4(3) en 4(4) van hierdie verordeninge te betaal, sal 'n aansoek vir 'n geleentheid nie oorweeg word nie. Versuim om aan die vereistes te voldoen, kan daartoe lei dat 'n aansoek nie deur die munisipaliteit oorweeg word nie.
- (6) Die Munisipaliteit moet 'n aansoek vir 'n permit om 'n geleentheid aan te bied, binne 'n redelike tyd goedkeur of afkeur, waarna 'n permit uitgereik sal word indien die aansoek goedgekeur word.

- (7) Indien 'n aansoek vir 'n permit afgekeur word, moet redes vir sodanige afkeuring aan die applikant verskaf word.
- (8) Die goedkeuring van 'n permit stel nie enige persoon vry van enige verpligting om te voldoen aan ander munisipale verordeninge, of enige wette of regulasies nie.

5. KRITERIA EN VOORWAARDES VIR GOEDKEURING

- (1) Die Munisipaliteit moet alle aansoeke vir 'n permit om 'n geleentheid te hou, ingevolge die volgende kriteria oorweeg—
 - (a) die tipe geleentheid en die benaderde getal persone wat dit sal bywoon;
 - (b) die impak van die geleentheid op munisipale dienste, met spesifieke verwysing na geraasbeheer en versterkte klank, verkeer, parkering, munisipale geriewe, openbare plekke, openbare gesondheid, openbare veiligheid en die omgewing;
 - (c) of die voorgenome aktiwiteite en grondgebruik voldoen aan die toepaslike soneringskema en ander voorwaardes van toepassing; en
 - (d) die impak van die geleentheid in terme van die strategiese geskiktheid in terme van die geleentheids beleid;
 - (e) die veiligheids en sekuriteits risiko bestuur van die geleentheid met betrekking tot die geleentheid plan, logistiek, ligging, perseel ontwerp en ander aktiwiteite wat naby of op die plek van samekoms plaasvind en ander bedreigings vir die geleentheid;
 - (f) opbrengs op belegging van die byeenkoms, in gevalle waar die gebeurtenis ten volle of gedeeltelik deur die munisipaliteit geborg is; en
 - (g) enige ander kriteria soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal in beleidsdokumente.
- (2) Die Munisipaliteit mag redelike voorwaardes stel vir die goedkeuring van 'n permit, om publieke gesondheid, veiligheid en welsyn te beskerm, en sodanige voorwaardes mag die volgende insluit, maar word nie beperk tot—
 - (a) die lokaliteit van 'n geleentheid en die ure waarbinne die geleentheid mag plaasvind;
 - (b) sanitasiegeriewe wat vereis word, en die beskikbaarheid en toegang tot drinkbare water;
 - (c) sekuriteitsreëlins en skarebeheer;
 - (d) parkeerfasiliteite en verkeersbestuur;
 - (e) reëlins vir nooddienste en mediese bystanddienste;

- (f) die opruiming van die perseel en omliggende areas na afloop van 'n geleentheid, en die reëlins vir afvalwegdoening;
- (g) vereistes vir elektrisiteit en beligting benodig;
- (h) reëlins vir brandvoorkoming en brandveiligheid;
- (i) tydelike strukture, versperrings en heinings;
- (j) vertoon en verspreiding van advertensies en promosiemateriaal, voor 'n geleentheid en die afhaal daarvan na 'n geleentheid;
- (k) die beperking van die geraasvlakke van 'n byeenkoms tot 'n klankpeil van die voorgeskrewe maksimum dBA vir die duur van die byeenkoms, soos gemeet en aangeslaan in terme van SANS 10103, behalwe wanneer 'n alternatiewe klankpeil deur die Munisipaliteit op aansoek goedgekeur word en op aanbeveling van 'n onafhanklike klank ingenieur vir die rekening van die geleentheidsorganiseerder om te assesteer met die klank toetse en hul onafhanklike opinie te voorsien asook 'n klank kartering verslag;
- (l) om aan te dui dat daar voldoende klankdigtheid aanwesig is of te vereis dat die nodige maatreëls getref word om die plek van samekoms klank dig te maak of om 'n geraas impak studie in te dien
- (m) in die geval van laat aand vermaak geleenthede, dat 'n aansoek vir vrystelling in terme van die Weskaapse Geraasbeheer Regulasies in gedien moet word
- (n) verkryging van 'n bevolkingsertifikaat om die toelaatbare skare wat 'n geleentheid by 'n gespesifiseerde plek van samekoms bywoon, te bepaal; en
- (o) enige ander permitte en goedkeurings benodig.

6. VEREISTES VIR GOEDKEURING

- (1) 'n Geleentheidsorganiseerder mag nie 'n geleentheid adverteer, alvorens die geleentheidsorganiseerder in kennis gestel is deur die Munisipaliteit, dat die betrokke aansoek finale goedkeuring ontvang het, wat die voorwaardes van sodanige goedkeuring is en dat 'n permit uitgereik is nie.
- (2) Die geleentheidsorganiseerder is verplig om 'n aparte aansoek te rig binne die tydsraamwerk aan die Nasionale Kommissaris van die Suid Afrikaanse Polisie Diens vir 'n risiko katogoriserings soos vervat in die Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (Wet No 2 van 2010). Die Suid Afrikaanse Polisie Diens mag van die geleentheidsorganiseerder vereis om deel te neem aan 'n aparte geleentheids veiligheid en sekuriteit beplannings komitee vergaderings.
- (3) 'n aansoek vir 'n permit moet voldoen aan die bepalings van hierdie verordening en moet die nodige inligting soos uiteengesit in die aansoekvorm bevat;

- (4) die geleentheidskoördineerder kan die geleentheidsorganiseerder versoek om 'n voorlegging aan die geleentheids koördinerings komitee van die Munisipaliteit aan te bied, voordat goedkeuring vir die permit gegee word wanneer 'n geleentheid—
- (a) geklassifiseer is as 'n medium-risiko of hoë-risiko geleentheid deur die Suid Afrikaanse Polisie diens
 - (b) bots met 'n ander geleentheid
 - (c) daar ander potensiële risikos bestaan soos geïdentifiseer deur die Munisipaliteit
- (5) Die Munisipaliteit is nie op enige stadium van die aansoek- en goedkeuringsproses vir 'n permit vir 'n geleentheid, aanspreeklik vir enige—
- (a) skade aan of verlies van enige eiendom van die geleentheidsorganiseerder; of
 - (b) kostes deur 'n geleentheidsorganiseerder of 'n derde party aangegaan, insluitende adverteringskoste of ander kostes aangegaan voordat 'n permit uitgereik is.
- (6) Die geleentheidsorganiseerder moet verseker dat die uitgereikte permit tydens 'n geleentheid beskikbaar is by die plek van samekoms waar die geleentheid gehou word, vir inspeksie.

7. HOU VAN 'N GELEENTHEID

- (1) Indien 'n aansoek in terme van hierdie verordening goedgekeur word, is 'n geleentheidsorganiseerder en grondeienaar daarvoor verantwoordelik om te verseker –
- (a) dat die geleentheid gehou word ingevolge die bepalings van hierdie verordening, die voorwaardes van die permit soos goedgekeur deur die Munisipaliteit, en dat geen ander wetgewende bepaling of munisipale verordening oortree word nie;
 - (b) dat die geleentheid met betrekking tot algemene vereistes vir gesondheid en veiligheid, aan die vereistes van die toepaslike SANS-kode van praktyke, spesifikasies of standaarde voldoen;
 - (c) dat die gedrag van persone wat 'n geleentheid bywoon en die aktiwiteite geassosieer met 'n geleentheid, nie negatief op die algemene publiek impakteer nie; en
 - (d) dat daar aan al die voldoeningkennisgewings uitgereik deur 'n gemagtigde beampte, in terme van hierdie verordening uitgereik, voldoen word.

8. VOLDOENINGKENNISGEWINGS

- (1) Indien 'n gemagtigde beampte bevind dat 'n bepaling van hierdie verordening oortree word deur 'n geleentheidsorganiseerder, of dat die gedrag van persone wat 'n geleentheid bywoon onbetaamlik en onaanvaarbaar van aard is, of dat 'n situasie ontstaan het of dat 'n voorval voorgekom het, wat die potensiaal het om 'n oortreding van bepalings van hierdie verordening, of enige ander wet of munisipale verordening, tot gevolg te hê, mag die

gemagtigde beampte 'n voldoeningkennisgewing daaraangaande aan die geleentheidsorganiseerder uitreik.

- (2) 'n Voldoeningkennisgewing uitgereik in terme van subartikel 8(1) van hierdie verordening moet aandui—
- (a) die bepalings van hierdie verordening, die bepalings van ander wetgewing, of die voorwaardes van die permit wat oortree word of oortree staan te word, indien 'n situasie of voorval toegelaat word om voort te gaan;
 - (b) die maatreëls wat onderneem moet word om die situasie of gebeurlikheid reg te stel; en
 - (c) die tydperk wat toegelaat word vir voldoening aan die voldoeningkennisgewing.
- (3) Indien 'n persoon, op wie 'n kennisgewing in terme van subartikel 8(1) van hierdie verordening bedien was, versuim om te voldoen aan die vereistes van 'n voldoeningkennisgewing, kan 'n gemagtigde beampte enige sodanige stappe as wat nodig is om die situasie of voorval reg te stel implementeer, en die kostes daarvan sal deur die geleentheidsorganiseerder betaal word.

9. INSPEKSIES EN DIE REG VAN TOEGANG

- (1) Enige gemagtigde beampte mag inspeksies hou by 'n plek van samekoms, alvorens 'n permit vir 'n geleentheid uitgereik word, of gedurende 'n geleentheid of na afloop van 'n geleentheid, om te bepaal of daar voldoen is of word, aan die bepalings van hierdie verordening.
- (2) 'n Gemagtigde beampte het die reg van toegang tot enige plek van samekoms, waar 'n geleentheid gehou word of aangebied gaan word, met die doel om—
- (a) enige iets te doen, gemagtig of vereis deur die munisipaliteit in terme van hierdie verordening
 - (b) te bepaal of daar 'n oortreding van die bepalings van hierdie verordening of die voorwaardes van die permit was of enige ander relevante wetgewing;
 - (c) geraasimpak te meet en klankpeile te bereken, in terme van die bepalings van die Wes-Kaapse Geraasbeheerregulasies; en
 - (d) voldoening van die bepalings van hierdie verordening af te dwing.
- (3) 'n Gemagtigde beampte mag, by wyse van geskrewe kennisgewing, wat op die eienaar of okkupeerder van enige plek van samekoms beteken is, van die eienaar of okkupeerder van sodanige plek van samekoms vereis, om op enige redelike datum of tyd aan 'n gemagtigde beampte toegang tot sodanige perseel te bied, met die doel om inspeksies uit te voer, soos voorsien in subartikel 9(2) van hierdie verordening.

10. OPSKORTING VAN GOEDKEURINGS EN DIE KANSELLASIE VAN PERMITTE

(1) Die Munisipaliteit mag, indien 'n geleentheidsorganiseerder versuim om te voldoen aan 'n voldoeningkennisgewing uitgereik in terme van artikel 8 van hierdie verordening of by ontvangs van inligting dat die geleentheidsorganiseerder nie voldoen aan permitvoorwaardes nie, 'n kennisgewing uitreik aan die geleentheidsorganiseerder, waarin die geleentheidsorganiseerder in kennis gestel word—

(a) dat die goedkeuring vir 'n permit onmiddelik opgeskort word, onderhewig aan voldoening aan die permitvoorwaardes; of

(b) dat die permit vir 'n geleentheid gekanselleer word en dat die geleentheidsorganiseerder vir die kostes verbandhoudend tot die kansellasie van die permit aanspreeklik is,

op voorwaarde dat in geval van nood, of wanneer dit onprakties of onmoontlik is om met die nie-voldoening aan permitvoorwaardes, 'n geskrewe kennisgewing aan 'n geleentheidsorganiseerder uit te reik, 'n verbale kennisgewing of 'n kennisgewing by wyse van 'n ander praktiese metode, voldoende sal wees.

(2) Die Munisipaliteit mag wanneer optredes in terme van subartikel 10(1) van hierdie verordening implementeer is, die deposito betaal deur 'n geleentheidsorganiseerder vir 'n geleentheid, terughou as waarborg ter betaling van kostes aangegaan.

11. KANSELASIE DEUR GELEENTHEIDSORGANISEERDER

In die geval waar 'n geleentheidsorganiseerder, nadat 'n aansoek vir 'n permit om 'n geleentheid te hou ingedien is, so 'n geleentheid kanselleer, sal die geleentheidsorganiseerder verantwoordelik wees vir alle kostes aangegaan deur die Munisipaliteit en kan alle depositos behou word wat verreken kan word teen enige skade deur die Munisipaliteit gely.

12. VRYSTELLINGS

Die permit vereistes en voorwaardes waarna verwys word in artikels 4, 5 en 6 van hierdie verordening, is nie van toepassing op die volgende tipe geleenthede nie -

(a) begrafnisse en 'n begrafnisstoet;

(b) troues wat by 'n fasiliteit gehou word wat gevestig is vir doeleindes van die hou van troues of by 'n gemeenskapsaal of soortgelyke onthaalfasiliteite, en trouprosesies;

(c) geleenthede aangebied by doelgeboude fasiliteite as plekke van samekoms, of op die gronde van enige skool, plek van aanbidding, hotel, konferensiesentrum of enige konferensie- of onthaal- of vermaaklikheidsfasiliteit, sportstadium of atletiekveld, auditorium of soortgelyke permanente plek van samekoms, wanneer gebruik vir geleenthede wat normaalweg by sodanige plekke van samekoms gehou sal word, met dien verstande dat die vrystelling nie geld vir geleenthede of gedeeltes van geleenthede wat buite sodanige plekke van samekoms of persele gehou word nie, of vir geleenthede waarvan die aard, grootte of impak sodanig is dat dit die parameters van normale gebruik van 'n plek van samekoms oorskry;

Doelgeboude fasiliteite word uitgesluit van hierdie verordening ten opsigte van geleenthede wat onder normale omstandighede in hierdie plek van samekoms gehou word, op voorwaarde dat:

- (i) Die uitsluiting nie van toepassing is op geleenthede of gedeeltes van geleenthede wat buite die plek van samekoms of gebou gehou word nie, of wat deur hul natuur, grootte of impak beskou word as buite die normale grense van die plek van samekoms; en
 - (ii) Eienaars of bestuurders van doelgeboude fasiliteite moet `n aansoek indien by die geleentheids permit kantoor vir goedkeuring van die geleentheids programme en sal dit geldig wees vir een jaar
- (d) kulturele byeenkomste gehou deur die onderskeie kulturele groepe van die gemeenskap; en
- (e) geleenthede wat deur die Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (Wet No 2 van 2010), soos gewysig, en die Wet op die Regulering van Byeenkomste, 1993 (Wet No 205 van 1993), soos gewysig, gereguleer word.

HOOFSTUK 3 ALGEMENE BEPALINGS

13. OOREENKOMSTE EN DIENSLEWERINGOOREENKOMSTE

Die Munisipaliteit mag, onderworpe aan die bepalings van die Munisipale Stelselwet of enige ander wetgewende bepaling, enige ooreenkomste of diensleweringooreenkomste, soos nodig mag wees vir die hou en bestuur van geleenthede, met n geleentheidsorganiseerder aangaan.

14. DELEGASIES EN DIE AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE BEAMPTES

- (1) Die bevoegdheid om `n permit uit te reik en voorwaardes te bepaal vir die uireiking van `n permit vir `n geleentheid, mag aan enige beampte van die Munisipaliteit gedelegeer word.
- (2) Die Munisipaliteit mag beamptes in die diens van die Munisipaliteit aanstel as gemagtigde beamptes, om die bepalings van hierdie verordeninge toe te pas.

15. APPÈLLE

`n Persoon wie verontreg voel oor `n besluit geneem deur die Munisipaliteit, ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, teen sodanige besluit appèlleer, deur binne een-en-twintig (21) dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit, skriftelike kennis aan die Munisipale Bestuurder te gee van die appèl en redes vir die appèl te verstrek.

16. STRAFBEPALINGS

'n Persoon wat enige bepaling van hierdie verordening oortree, of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening, of 'n instruksie aangebring op 'n kennisgewingbord, begaan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding—

- (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, opgelê word;
- (b) in die geval van 'n voortgesette oortreding, 'n bykomende boete of bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of sodanige bykomende boete of gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige oortreding voortduur, opgelê word; en
- (c) 'n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige kostes en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

17. BEDIENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE

- (1) 'n Kennisgewing, bevel, aanskrywing, of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees indien 'n beampste wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.
- (2) Wanneer dit nodig is om enige gemagtigde kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument te bedien op 'n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees—
 - (a) wanneer dit persoonlik aan die persoon afgelewer is;
 - (b) wanneer dit by die persoon se plek van inwoning of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelaat is, by 'n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;
 - (c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan die persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van Suid-Afrika, en 'n erkenning van die versending verskaf word;
 - (d) indien die persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan die persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika bedien is op so 'n manier, soos in subartikels 16(1)(a), 16(1)(b) of 16(1)(c) van hierdie verordening bepaal;
 - (e) indien die persoon se adres en agent in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het; of
 - (f) in die geval van 'n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer word.

- (3) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument aan 'n persoon ingevolge hierdie verordening bedien moet word, is dit nie nodig om dit by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as die persoon daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.
- (4) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking vereis, moet behoorlik deur die Munisipaliteit onderteken wees.

18. TEENSTRYDIGHEDE MET ANDER WETGEWING

In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie verordening, en nasionale en provinsiale wetgewing en regulasies, sal sodanige nasionale en provinsiale wetgewing en regulasies voorrang geniet.

19. HERROEPING VAN VERORDENINGE

Die bepalings van enige ander verordeninge voorheen uitgevaardig deur die Munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, word hierby herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.

20. KORT TITEL

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake die Hou van Geleentede van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

21. INWERKINGTREDING

Hierdie verordening tree op datum van publikasie daarvan in werking.

